



## Offisiële Koerant

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

PRYS: S.A. 40c Plus 5c A.V.B. OORSEE: 50c

Vol. 229

PRETORIA

8 JANUARIE  
8 JANUARY

PRICES: S.A... 40c 'Plus 5c G.S.T. OVERSEAS: 50c

4422

OFFISIELLE KOERANT VAN DIE TRANSVAAL  
(Verskyn elke Woensdag)

Alle korrespondensie, advertensies, ens. moet aan die Proviniale Sekretaris, Privaatsak X64, Pretoria, geadresseer word en indien per hand afgelewer, moet dit by Kamer A1020(a), Proviniale Gebou ingedien word. Gratis eksemplare van die *Offisiële Koerant* of uitknipsels van advertensies word nie verskaf nie.

## Intekengeld (vooruitbetaalbaar)

Transvaalse *Offisiële Koerant* (met inbegrip van alle Buitengewone Koerante) is soos volg:

Jaarliks (posvry) — R21,00 plus AVB.

Zimbabwe en Oorsee (posvry) — 50c elk plus AVB.

Prys per eksemplaar (posvry) — 40c elk plus AVB.

Verkrybaar by Kamer A600, Proviniale Gebou, Pretoria 0002.

## Sluitingstyd vir Aanname van Kopie

Alle advertensies moet die Beamppte belas met die *Offisiële Koerant* bereik nie later nie as 16h00 op Dinsdag 'n week voordat die Koerant uitgegee word. Advertensies wat na daardie tyd ontvang word, word oorgehou vir publikasie in die uitgawe van die volgende week.

## Advertensietariewe

Kennisgewings wat volgens Wet in die *Offisiële Koerant* geplaas moet word:

Dubbelkolom — R5,00 per sentimeter of deel daarvan.  
Herhaling — R4,00.

Enkelkolom — R1,80 per sentimeter. Herhaling — R1,20.

Intekengelde is vooruitbetaalbaar aan die Proviniale Sekretaris, Privaatsak X64, Pretoria 0001.

C G D GROVE  
Proviniale Sekretaris

## Administrateurskennisgewings

Administrateurskennisgewing 60

8 Januarie 1986

## MUNISIPALITEIT DELAREYVILLE: WYSIGING VAN ELEKTRISITEITSVERORDENINGE

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit.

Die Elektrisiteitsverordeninge van die Munisipaliteit

## Official Gazette

(Registered at the Post Office as a Newspaper)

PRICES: S.A... 40c 'Plus 5c G.S.T. OVERSEAS: 50c

4422

OFFICIAL GAZETTE OF THE TRANSVAAL  
(Published every Wednesday)

All correspondence, advertisements, etc. must be addressed to the Provincial Secretary, Private Bag X64, Pretoria, and if delivered by hand, must be handed in at Room A1020(a), Provincial Building. Free copies of the *Provincial Gazette* or cuttings of advertisements are not supplied.

## Subscription Rates (payable in advance)

Transvaal *Official Gazette* (including all Extraordinary Gazettes) are as follows:

Yearly (post free) — R21,00 plus GST.

Zimbabwe and Overseas (post free) — 50c each plus GST.

Price per single copy (post free) — 40c each plus GST.

Obtainable at Room A600, Provincial Building, Pretoria 0002.

## Closing Time for Acceptance of Copy

All Advertisements must reach the Officer in Charge of the *Provincial Gazette* not later than 16h00 on the Tuesday before the Gazette is published. Advertisements received after that time will be held over for publication in the issue of the following week.

## Advertisement Rates

Notices required by Law to be inserted in the *Official Gazette*:

Double column — R5,00 per centimetre or portion thereof. Repeats — R4,00.

Single column — R1,80 per centimetre. Repeats R1,20.

Subscriptions are payable in advance to the Provincial Secretary, Private Bag X64, Pretoria 0001.

C G D GROVE  
Provincial Secretary

## Administrator's Notices

Administrator's Notice 60

8 January 1986

## DELAREYVILLE MUNICIPALITY: AMENDMENT TO ELECTRICITY BY-LAWS

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter.

The Electricity By-laws of Delareyville Municipality,

Delareyville, deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 1401 van 23 Augustus 1972, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur die Tarief van Gelde onder die Bylae soos volg te wysig:

1. Deur in item 1 die syfer "R4,40" deur die syfer "R8" te vervang.

2. Deur subitem (2) van item 2 deur die volgende te vervang:

"(2) Die volgende gelde is betaalbaar: Verbruik per kWh = 6,6c.".

3. Deur item 3(2) deur die volgende te vervang:

"(2) Die volgende gelde is betaalbaar: Verbruik per kWh = 11c.".

4. Deur item 4 deur die volgende te vervang:

#### *"4. Grootmaat- en Hoogspanningsverbruikers"*

1. Die volgende gelde is betaalbaar:

(a) Maksimum aanvraag = R10 per kVa per maand op gemete halfuurlikse aanvraag soos deur maksimum kVa-aanvraagmeters gelees.

(b) Energieverbruik = Verbruik per kWh = 6c.".

5. Deur item 5 te skrap.

Die bepalings in hierdie kennisgewing vervat, word geag op 10 Desember 1985 in werking te getree het.

PB 2-4-2-36-52

---

Administrateurskennisgewing 61

8 Januarie 1986

#### MUNISIPALITEIT JOHANNESBURG: WYSIGING VAN DIE DIERETUINVERORDENINGE

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit.

Die Dieretuinverordeninge van die Municipality Johannesburg, aangekondig by Administrateurskennisgewing 167 van 2 Februarie 1972, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur na artikel 3(3)(b) die volgende in te voeg:

"(c) persone wat toegang tot die Dieretuin versoek met die doel om die lesingsaal buite besoektyd te gebruik.".

PB 2-4-2-32-2

---

Administrateurskennisgewing 62

8 Januarie 1986

#### MUNISIPALITEIT VAN KEMPTONPARK: WYSIGING VAN SAALVERORDENINGE

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit.

Die Saalverordeninge van die Municipality Kempton Park, aangekondig by Administrateurskennisgewing 857 van 1 Junie 1983, word hierby gewysig deur subartikel (3) van artikel 2 te skrap.

Hierdie wysiging tree in werking op die eerste dag van die maand wat volg op die datum waarin hierdie wysiging in die *Provinsiale Koerant* gepubliseer word.

PB 2-4-2-94-16

adopted by the Council under Administrator's Notice 1401, dated 23 August 1972, as amended, are hereby further amended by amending the Tariff of Charges under the Schedule as follows:

1. By the substitution in item 1 for the figure "R4,40" of the figure "R8".

2. By the substitution for subitem (2) of item 2 of the following:

"(2) The following charges shall be payable: Consumption per kWh = 6,6c.".

3. By the substitution for item 3(2) of the following:

"(2) The following charges shall be payable: Consumption per kWh = 11c.".

4. By the substitution for item 4 of the following:

#### *"4. Bulk- and High Voltage Consumers"*

1. The following charges shall be payable:

(a) Maximum Demand = R10 per kVa per month of any half-hourly maximum demand as metered by maximum kVa demand meters.

(b) Energy charge = Consumption per kWh = 6c.".

5. By the deletion of item 5.

The provisions in this notice contained, shall be deemed to have come into operation on 10 December 1985.

PB 2-4-2-36-52

---

Administrator's Notice 61

8 January 1986

#### JOHANNESBURG MUNICIPALITY: AMENDMENT TO THE ZOOLOGICAL GARDENS BY-LAWS

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter.

The Zoological Gardens By-laws of the Johannesburg Municipality, published under Administrator's Notice 167, dated 2 February 1972, as amended, are hereby further amended by the insertion after section 3(3)(b) of the following:

"(c) persons requesting access to the Zoological Gardens for purposes of using the lecture hall outside visiting hours.".

PB 2-4-2-32-2

---

Administrator's Notice 62

8 January 1986

#### KEMPTON PARK MUNICIPALITY: AMENDMENT OF HALL BY-LAWS

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter.

The Hall By-laws of the Kempton Park Municipality, published under Administrator's Notice 857, dated 1 June 1983, are hereby amended by the deletion of subsection (3) of section 2.

This amendment will come into effect on the first day of the month following the date on which this amendment is published in the *Provincial Gazette*.

PB 2-4-2-94-16

Administrateurskennisgewing 63                    8 Januarie 1986

**MUNISIPALITEIT MIDDELBURG: WYSIGING VAN VERORDENINGE VIR DIE REGULERING VAN PARKE, ONTSPANNINGSOORDE, SPORTTERREINE EN BOTE**

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit.

Die Verordeninge vir die Regulering van Parke, Ontspanningsoorde, Sportterreine en Bote van die Municipaaliteit Middelburg, aangekondig by Administrateurskennisgewing 1354 van 21 November 1979, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur Deel II van die Tarief van Gelde onder die Bylae deur die volgende te vervang:

**"DEEL II**

**SENTRALE SPORTTERREIN**

**1. Binnenshuise Sport/Ontspanningsaal**

(1) Voorbereidingswerk: Slegs toegelaat op weeksdie en Saterdae (behalwe openbare vakansiedae) tussen 08h00 en 18h00: R20.

(2) Vir die aanbieding van die funksie wat die gebruik van die kombuis insluit:

(i) Maandae tot Saterdae (behalwe openbare vakansiedae) tussen 08h00 en 24h00: R60.

(ii) Ander tye, per uur: R40.

(3) Tarief vir elke uur of gedeelte van 'n uur indien saal nie by verstryking van huurtermyn ontruim is nie:

(a) Maandae tot Saterdae tussen 24h00 en 08h00, openbare vakansiedae en Sondae: R50.

(b) Ander tye: R30.

**2. Rugbystadion, Saal en Kombuis**

(1) Voorbereidingswerk: Slegs toegelaat op weeksdie en Saterdae (behalwe openbare vakansiedae) tussen 08h00 en 18h00: R20.

(2) Vir die aanbieding van die funksie wat die gebruik van die kombuis insluit:

(a) Maandae tot Saterdae (behalwe openbare vakansiedae) tussen 08h00 en 24h00:

(i) Saal: R60.

(ii) Saal en terrein of terrein alleenlik: R100.

(b) Ander tye per uur:

(i) Saal: R40.

(ii) Saal en terrein of terrein alleenlik: R70.

(3) Tarief vir elke uur of gedeelte van 'n uur indien saal en terrein nie by verstryking van huurtermyn ontruim is nie:

(a) Saal:

(i) Maandae tot Saterdae, tussen 24h00 en 08h00, Sondae en openbare vakansiedae: R50.

(ii) Ander tye: R30.

(b) Saal en terrein of terrein alleenlik:

(i) Maandae tot Saterdae tussen 24h00 en 08h00, Sondae en openbare vakansiedae: R80.

(ii) Ander tye: R50.

Administrator's Notice 63

8 January 1986

**MIDDELBURG MUNICIPALITY: AMENDMENT TO BY-LAWS FOR THE REGULATION OF PARKS, RE-CREATION RESORTS, SPORTS GROUNDS AND BOATS**

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter.

The By-laws for the Regulation of Parks, Recreation Resorts, Sports Grounds and Boats, of the Middelburg Municipality, published under Administrator's Notice 1354, dated 21 September 1979, as amended, are hereby further amended by the substitution for Part II of the Tariff of Charges under the Schedule of the following:

**"PART II**

**CENTRAL SPORTS GROUNDS**

**1. Indoor Sport/Recreation Hall**

(1) Preparation: Permitted on week days and Saturdays only (excluding public holidays) between 08h00 and 18h00: R20.

(2) For the holding of the function which includes the use of the kitchen:

(i) Mondays to Saturdays (excluding public holidays) between 08h00 and 24h00: R60.

(ii) Other periods, per hour: R40.

(3) Charge for every hour or part of an hour in the event of the rooms not being vacated upon expiration of the period of hiring:

(a) Mondays to Saturdays between 24h00 and 08h00, public holidays and Sundays: R50.

(b) Other periods: R30.

**2. Rugby Stadium, Hall and Kitchen**

(1) Preparation: Permitted on week days and Saturdays only, (excluding public holidays) between 08h00 and 18h00: R20.

(2) For the holding of the function which includes the use of the kitchen:

(a) Mondays to Saturdays (excluding public holidays) between 08h00 and 24h00:

(i) Hall: R60.

(ii) Hall and grounds or grounds only: R100.

(b) Other periods, per hour:

(i) Hall: R40.

(ii) Hall and grounds or grounds only: R70.

(3) Charge for every hour or part of an hour in the event of the hall and grounds not being vacated upon termination of the period of hiring:

(a) Hall:

(i) Mondays to Saturdays between 24h00 and 08h00, Sundays and public holidays: R50.

(ii) Other periods: R30.

(b) Hall and grounds or grounds only:

(i) Mondays to Saturdays between 24h00 and 08h00, Sundays and public holidays: R80.

(ii) Other periods: R50.

### 3. Tydsduur van Tariewe

Die tydsduur van elke tarief soos uiteengesit in items 1(1), 1(2)(i), 2(1) en 2(2)(a)(i) en (ii) hierbo word bereken vir 'n aaneenlopende tydperk van ses uur: Met dien verstande dat indien 'n geleentheid langer as ses aaneenlopende ure duur, een-helfte van die toepaslike tarief van toepassing is vir elke verdere aaneenlopende tydperk van ses ure of gedeelte daarvan.

### 4. Spesiale Tarief vir Fondsin samelingsorganisasies soos Omskryf in die Wet op Fondsin sameling, 1978, Skole, Hospitals, Kerke, Universiteite, Tegniese Kolleges en Plaaslike Amateur Sportliggame

75 % van die tariewe soos uiteengesit in items 1 en 2.

### 5. Enige Funksie Aangebied deur die Middelburg Tak van die Suid-Afrikaanse Vereniging van Munisipale Werknemers of die Middelburg Munisipale Ontspanningsklub

Gratis.

### 6. Addisionele Tariewe Betaalbaar vir Spesiale Geleenthede

Waar die voltydse teenwoordigheid van die Raad se Opsigter tydens enige funksie deur die Stadsklerk as wenslik beskou word, is 'n addisionele bedrag gelykstaande aan die vergoeding van die Opsigter vir die duur van die funksie deur die huuder betaalbaar bo en behalwe die tariewe soos uiteengesit in items 1, 2 en 4.

### 7. Terugbetaalbare Deposito per Geleentheid

Enige saal: R150.

Enige saal en terrein of terrein alleenlik: R300.”.

PB 2-4-2-69-21

Administrateurskennisgewing 64

8 Januarie 1986

### MUNISIPALITEIT NABOOMSPRUIT: WYSIGING VAN BEGRAAFPLAASVERORDENINGE

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit.

Die Begraafplaasverordeninge van die Munisipaliteit Naboomspruit, afgekondig by Administrateurskennisgewing 175 van 1 Februarie 1984, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur artikel 34 deur die volgende te vervang:

#### “Aantal Lyke in Een Graf

34. In geen geval mag die lyke van meer as twee volwassenes of twee kinders in dieselfde graf begrawe word nie.”.

PB 2-4-2-23-64

Administrateurskennisgewing 65

8 Januarie 1986

### SPRINGS-WYSIGINGSKEMA 1/248

Hierby word ooreenkomsdig die bepalings van artikel 36(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, bekend gemaak dat die Administrateur goedgekeur het dat Springs-dorpsaanlegskema 1, 1948, gewysig word deur die hersonering van Gedelalte 1 van Erf 1305 geleë aan Stationsingel, dorp Strubenvale tot “Inrigting” onderworpe aan sekere voorwaardes.

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Direkteur van Plaaslike

### 3. Duration of Tariffs

The period in respect of each tariff as set out in items 1(1), 1(2)(i), 2(1) and 2(2)(a)(i) and (ii) above shall be calculated for a continuous period of six hours: Provided that should a function continue for longer than six continuous hours, one half of the applicable tariff will be payable for each additional continuous period of six hours or part thereof.

### 4. Special Charge for Fund, Raising Organizations as Defined in the Fund Raising Act, 1978, Schools, Hospitals, Churches, Universities, Technical Colleges and Local Amateur Sporting Bodies

75 % of the charges as set out in items 1 and 2.

### 5. Any Function Held by the Middelburg Branch of The South African Association of Municipal Employees or the Middelburg Municipal Recreation Club

Free.

### 6. Additional Charges payable for Special Occasions

Where the full time presence of the Council's Supervisor is desirable in the opinion of the Town Clerk, an additional amount equal to the remuneration payable to the Supervisor for the duration of the function, shall be payable by the hirer in addition to the charges as set out in items 1, 2 and 4.

### 7. Refundable Deposit per Function

Any hall: R150.

Any hall and grounds or grounds only: R300.”.

PB 2-4-2-69-21

Administrator's Notice 64

8 January 1986

### NABOOMSPRUIT MUNICIPALITY: AMENDMENT TO CEMETERY BY-LAWS

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter.

The Cemetery By-laws of the Naboomspruit Municipality, published under Administrator's Notice 175, dated 1 February 1984, as amended, are hereby further amended by the substitution for section 34 of the following:

#### “Number of Bodies in One Grave

34. In no case shall the bodies of more than two adults or two children be buried within the same grave.”.

PB 2-4-2-23-64

Administrator's Notice 65

8 January 1986

### SPRINGS AMENDMENT SCHEME 1/248

It is hereby notified in terms of section 36(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that the Administrator has approved the amendment of Springs Town-planning Scheme 1, 1948, by the rezoning of Portion 1 of Erf 1305 situated on Station Crescent, Strubenvale Township to “Institutional” subject to certain conditions.

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director of Local Government, Pretoria

Bestuur, Pretoria en die Stadsklerk, Springs en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Springs-wysigingskema 1/248.

PB 4-9-2-32-248

Administrateurskennisgewing 66

8 Januarie 1986

#### KEMPTONPARK-WYSIGINGSKEMA 1/324

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 36(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, bekend gemaak dat die Administrateur goedgekeur het dat Kemptonpark-dorpsaanlegskema 1, 1952, gewysig word deur die hersonering van Erf 356 geleë aan Camwoodstraat en Parklandrylaan, Estherpark Uitbreiding 1 tot "Spesiale Woon" met 'n digtheid van "Een woonhuis per 8 000 vierkante voet".

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Pretoria en die Stadsklerk, Kemptonpark en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Kemptonpark-wysigingskema 1/324.

PB 4-9-2-16-324

Administrateurskennisgewing 67

8 Januarie 1986

#### WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, (WET 84 VAN 1967)

#### KENNISGEWING VAN VERBETERING

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 38 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, bekend gemaak dat Administrateurskennisgewing No 374, gedateer 20 Februarie 1985 herroep word en dat die endossement in Akte van Transport T40518/1983 gekanselleer word.

PB 4-14-2-1427-4

Administrateurskennisgewing 68

8 Januarie 1986

#### WARMBAD-WYSIGINGSKEMA 10

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 36(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, bekend gemaak dat die Administrateur goedgekeur het dat Warmbad-dorpsbeplanningskema, 1981, gewysig word deur in klousule 10(1) die uitdrukking "Residensieel 2" deur die uitdrukking "Residensieel 2, 3 en 4" te vervang.

Die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Pretoria en die Stadsklerk, Warmbad en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Warmbad-wysigingskema 10.

PB 4-9-2-73H-10

Administrateurskennisgewing 69

8 Januarie 1986

#### BENONI-WYSIGINGSKEMA 1/328

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel

and the Town Clerk, Springs and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Springs Amendment Scheme 1/248.

PB 4-9-2-32-248

Administrator's Notice 66

8 January 1986

#### KEMPTON PARK AMENDMENT SCHEME 1/324

It is hereby notified in terms of section 36(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that the Administrator has approved the amendment of Kempton Park Town-planning Scheme 1, 1952, by the rezoning of Erf 356 situated on Camwood Street and Parkland Drive, Esther Park Extension 1 to "Special Residential" with a density of "One dwelling per 8 000 square feet".

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director of Local Government, Pretoria and the Town Clerk, Kempton Park and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Kempton Park Amendment Scheme 1/324.

PB 4-9-2-16-324

Administrator's Notice 67

8 January 1986

#### REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967 (ACT 84 OF 1967)

#### NOTICE OF CORRECTION

It is hereby notified in terms of section 38 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that Administrator's Notice No 374, dated 20 February 1985 be repealed and that the endorsement in Deed of Transfer T40518/1985 be cancelled.

PB 4-14-2-1427-4

Administrator's Notice 68

8 January 1986

#### WARMBATHS AMENDMENT SCHEME 10

It is hereby notified in terms of section 36(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that the Administrator has approved the amendment of Warmbaths Town-planning Scheme, 1981, by the substitution in clause 10(1) for the expression "Residential 2" of the expression "Residential 2, 3 and 4".

The scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director of Local Government, Pretoria and the Town Clerk, Warmbaths and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Warmbaths Amendment Scheme 10.

PB 4-9-2-73H-10

Administrator's Notice 69

8 January 1986

#### BENONI AMENDMENT SCHEME 1/328

It is hereby notified in terms of section 36(1) of the

36(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, bekend gemaak dat die Administrateur goedgekeur het dat Benoni-dorpsaanlegskema 1, 1947, gewysig word deur die hersonering van 'n deel van Erf 1670 geleë op die hoek van Russelstraat en Harperlaan in die dorp Benoni tot "Algemene Besigheid" met 'n digtheid van "Een woonhuis per erf" onderworpe aan sekere voorwaardes.

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Pretoria en die Stadsklerk, Benoni en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Benoni-wysigingskema 1/328.

PB 4-9-2-6-328

Administrateurskennisgewing 70 8 Januarie 1986

#### PADVERKEERSREGULASIES: WYSIGING VAN REGULASIE 14

Ingevolge die bepalings van artikel 165 en item 9 van Deel IV van Bylae 2 by die Ordonnansie op Padverkeer, 1966 (Ordonnansie 21 van 1966), wysig die Administrateur hierby regulasie 14 van die Padverkeersregulasies, aangekondig by Administrateurskennisgewing 1052 van 28 Desember 1966, soos gewysig, deur die volgende paragraaf daarvan toe te voeg:

"(189) Christelik-Maatskaplike Raad van Phalaborwa en Tzaneen."

TW 2/8/4/2/2/103

## Algemene Kennisgewings

### KENNISGEWING 1 VAN 1986

#### JOHANNESBURG-WYSIGINGSKEMA 1562

Die Direkteur van Plaaslike Bestuur gee hiermee kennis ingevolge die bepalings van artikel 46 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965 (Ordonnansie 25 van 1965), dat die eienaar, D. John Properties (Proprietary) Limited, aansoek gedoen het om Johannesburg-dorpsbeplanningskema 1, 1979, te wysig deur die hersonering van Erf 146, Dorp Brixton, vanaf "Residensieel 1" hoogte sone "O" tot "Besigheid 1" hoogte sone "O", insluitende 'n plek vir motorhandel.

Verdere besonderhede van hierdie aansoek (wat as Johannesburg-wysigingskema 1562 bekend sal staan) lê in die kantoor van die Stadsklerk van Johannesburg en in die kantoor van die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Provinciale Gebou, Kamer B506A, h/v Pretorius- en Bosmanstraat, Pretoria ter insae.

Enige beswaar of vertoe teen die aansoek kan te eniger tyd binne 'n tydperk van 4 weke vanaf die datum van hierdie kennisgewing aan die Direkteur van Plaaslike Bestuur by bovemelde adres of Privaatsak X437, Pretoria 0001 en die Stadsklerk, Posbus 1049, Johannesburg 2000, skriftelik voorgelê word.

Pretoria, 2 Januarie 1986

PB 4-9 2-2II-1562

Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that the Administrator has approved the amendment of Benoni Town-planning Scheme 1, 1947, by the rezoning of a portion of Erf 1670 situated on the corner of Russel Street and Harper Avenue in the Benoni Township to "General Business" with a density of "One dwelling per erf" subject to certain conditions.

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director of Local Government, Pretoria and the Town Clerk, Benoni and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Benoni Amendment Scheme 1/328.

PB 4-9-2-6-328

Administrator's Notice 70 8 January 1986

#### ROAD TRAFFIC REGULATIONS: AMENDMENT OF REGULATION 14

In terms of the provisions of section 165 and item 9 of Part IV of Schedule 2 to the Road Traffic Ordinance, 1966 (Ordinance 21 of 1966), the Administrator hereby amends regulation 14 of the Road Traffic Regulations published under Administrator's Notice 1052 of 28 December 1966, as amended, by the addition thereto of the following paragraph:

"(189) Christelik-Maatskaplike Raad van Phalaborwa en Tzaneen."

TW 2/8/4/2/2/103

## General Notices

### NOTICE 1 OF 1986

#### JOHANNESBURG AMENDMENT SCHEME 1562

The Director of Local Government hereby gives notice in terms of section 46 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965 (Ordinance 25 of 1965), that application has been made by the owner, D. John Properties (Proprietary) Limited, for the amendment of Johannesburg Town-planning Scheme 1, 1979, by the rezoning of Erf 146, Brixton Township from "Residential 1" height zone "O" to "Business 1" height zone "O", including a car sales lot.

Furthermore particulars of the application (which will be known as Johannesburg Amendment Scheme 1562) are open for inspection at the office of the Town Clerk, Johannesburg and the office of the Director of Local Government, Room B506A, Provincial Building, cnr Bosman and Pretorius Streets, Pretoria.

Any objection or representations in regard to the application shall be submitted to the Director of Local Government, in writing at the above address or Private Bag X437, Pretoria 0001 and the Town Clerk, PO Box 1049, Johannesburg 2000 at any time within a period of 4 weeks from the date of this notice.

Pretoria, 2 January 1986

PB 4-9-2-2H-1562

## KENNISGEWING 2 VAN 1986

## ALBERTON-WYSIGINGSKEMA 251

Die Direkteur van Plaaslike Bestuur gee hiermee kennis ingevolge die bepalings van artikel 46 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965 (Ordonnansie 25 van 1965), dat die eienaar, Andries Michiel Kruger, aansoek gedoen het om Alberton-dorpsbeplanningskema 1, 1979, te wysig deur die hersonering van Erwe 335 en 337, geleë op die hoek van Foresstraat en St Michaelweg, dorp Redruth, vanaf "Residensieel 1" tot "Residensieel 4".

Verdere besonderhede van hierdie aansoek (wat as Alberton-wysigingskema 251 bekend sal staan) lê in die kantoor van die Stadsklerk van Alberton en in die kantoor van die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Provinciale Gebou, Kamer B506A, h/v Pretorius- en Bosmanstraat, Pretoria ter insae.

Enige beswaar of vertoë teen die aansoek kan te eniger tyd binne 'n tydperk van 4 weke vanaf die datum van hierdie kennisgewing aan die Direkteur van Plaaslike Bestuur by bovemelde adres of Privaatsak X437, Pretoria 0001 en die Stadsklerk, Posbus 4, Alberton 1450, skriftelik voorgelê word.

Pretoria 2 Januarie 1986

PB 4-9-2-4H-251

## KENNISGEWING 3 VAN 1986

## WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967

Ingevolge artikel 3(6) van bogenoemde Wet word hiermee kennis gegee dat die onderstaande aansoeke deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur ontvang is en ter insae lê by Kamer B506, Transvaalse Provinciale Administrasie Gebou, Pretoriusstraat, Pretoria, en in die kantoor van die betrokke plaaslike bestuur.

Enige beswaar, met volle redes daarvoor, moet skriftelik by die Direkteur van Plaaslike Bestuur, by bovemelde adres of Privaatsak X437, Pretoria, ingedien word op of voor 29 Januarie 1986.

Pretoria, 2 Januarie 1986

Rusprop Warehouse (Pty) Ltd, vir —

(1) die wysiging, opskorting of opheffing van die titelvoorraardes van Erf 2944, dorp Roodekop ten einde dit moontlik te maak dat die erf gebruik kan word vir kleinhandeldoeleindes op Saterdae alleenlik; en

(2) die wysiging van die Germiston-dorpsbeplanningskema, 1985, deur die hersonering van die erf van "Nywerheid 3" tot "Nywerheid 3" onderworpe aan sekere voorwaardes.

Die aansoek sal bekend staan as Germiston-wysigingskema 52.

PB 4-14-2-1148-11

David Angus Blair Hook, vir —

(1) die wysiging, opskorting of opheffing van die titel-

## NOTICE 2 OF 1986

## ALBERTON AMENDMENT SCHEME 251

The Director of Local Government hereby gives notice in terms of section 46 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965 (Ordinance 25 of 1965), that application has been made by the owner, Andries Michiel Kruger, for the amendment of Alberton Town-planning Scheme 1, 1979, by the rezoning of Erven 335 and 337, situated on the corner of Fores Street and St Michael Road, New Redruth Township, from "Residential 1" to "Residential 4".

Furthermore particulars of the application (which will be known as Alberton Amendment Scheme 251) are open for inspection at the office of the Town Clerk, Alberton and the office of the Director of Local Government, Room B506A, TPA Building, cnr Bosman and Pretorius Streets, Pretoria.

Any objection or representations in regard to the application shall be submitted to the Director of Local Government, in writing at the above address or Private Bag X437, Pretoria, 0001, and the Town Clerk, PO Box 4, Alberton 1450 at any time within a period of 4 weeks from the date of this notice.

Pretoria, 2 January 1986

PB 4-9-2-4H-251

## NOTICE 3 OF 1986

## REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967

It is hereby notified in terms of section 3(6) of the above-mentioned Act that the undermentioned application have been received by the Director of Local Government and are open for inspection at Room B506, Transvaal Provincial Administration Building, Pretorius Street, Pretoria, and at the offices of the relevant local authority.

Any objections, with full reasons therefore, should be lodged in writing with the Director of Local Government, at the above address or Private Bag X437, Pretoria, on or before 29 January 1986.

Rusprop Warehouse (Pty) Ltd, for —

(1) the amendment, suspension or removal of the conditions of title of Erf 2944 Roodekop Township in order to permit the erf being used for retail purposes on Saturdays only;

(2) the amendment of the Germiston Town-planning Scheme, 1985, by the rezoning of the erf from "Industrial 3" to "Industrial 3" subject to certain conditions.

This amendment scheme will be known as Germiston Amendment Scheme 52.

PB 4-14-2-1148-11

David Angus Blair Hook, for —

(1) the amendment, suspension or removal of the condi-

voorwaardes van Erf 719, dorp Forest Town ten einde dit moontlik te maak dat die erf onderverdeel kan word;

(2) die wysiging van die Johannesburg-dorpsbeplanning-skema, 1979, deur die hersonering van die erf van "Residensieel 1" met 'n digtheid van "Een woonhuis per erf" tot "Residensieel 1" met 'n digtheid van "Een woonhuis per 700 m<sup>2</sup>".

Die aansoek sal bekend staan as Johannesburg-wysigingskema 1567.

PB 4-14-2-500-31

Carlo Giovanni Domenici, vir die wysiging, opskorting of opheffing van die titelvoorwaardes van Gedeelte 365 van Gedeelte 171 van die plaas Syferfontein 51 IR, Transvaal, ten einde dit moontlik te maak dat twee woonhuise op die genoemde gedeelte toegelaat word.

PB 4-15-2-21-51-3

George Boris Babaya, Gregory Boris Babaya en Justin Mark Babaya, vir —

(1) die wysiging, opskorting of opheffing van die titelvoorwaardes van Lot 820, dorp Parktown ten einde dit moontlik te maak dat die lot gebruik kan word vir die oprieting van medium digtheid residensiële eenhede,

(2) die wysiging van die Johannesburg-dorpsbeplanning-skema, 1979, deur die hersonering van die lot van "Residensieel 1" tot "Residensieel 3".

Die aansoek sal bekend staan as Johannesburg-wysigingskema 1270.

PB 4-14-2-1990-78

Erasmus Albertus Labuschagne, vir die wysiging, opskorting of opheffing van die titelvoorwaardes van Gedeelte 44 ('n gedeelte van Gedeelte 34) van die plaas Palmietfontein 141 IR ten einde dit moontlik te maak dat die gedeelte gebruik kan word vir die stigting van 'n dorp.

PB 4-15-2-18-141-1

Andrew George Scott, vir die wysiging, opskorting of opheffing van die titelvoorwaardes van Gedeelte 1 van Erf 307, dorp Bedfordview Uitbreiding 56, ten einde dit moontlik te maak dat die gedeelte beheer kan word deur die Bedfordview-dorpsbeplanningskema.

PB 4-14-2-1904-1

#### KENNISGEWING 4 VAN 1986

#### JOHANNESBURG-WYSIGINGSKEMA 1561

Die Direkteur van Plaaslike Bestuur gee hiermee kennis ingevolge die bepalings van artikel 46 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965 (Ordonnansie 25 van 1965), dat die eienaar Biccard Street Investments (Proprietary) Limited aansoek gedoen het om Johannesburg-dorpsbeplanningskema 1, 1979, te wysig deur die hersonering van Erf 4927 dorp Johannesburg vanaf "Besigheid 1" hoogte-

tions of title of Erf 719 Forest Town Township in order to permit the erf being subdivided;

(2) the amendment of the Johannesburg Town-planning Scheme, 1979, by the rezoning of the erf from "Residential 1" with a density of "One dwelling per erf" to "Residential 1" with a density of "One dwelling per 700 m<sup>2</sup>".

This amendment scheme will be known as Johannesburg Amendment Scheme 1567.

PB 4-14-2-500-31

Carlo Giovanni Domenici, for the amendment, suspension or removal of the conditions of title of Portion 365 of Portion 171 of the farm Syferfontein 51 IR, Transvaal in order to permit two dwelling-units on the said portion.

PB 4-15-2-21-51-3

George Boris Babaya, Gregory Boris Babaya, and Justin Mark Babaya, for —

(1) the amendment, suspension or removal of the conditions of title of Lot 820 Parktown Township in order to permit the lot being used for the erection of medium density residential units;

(2) the amendment of the Johannesburg Town-planning Scheme, 1979, by the rezoning of the lot from "Residential 1" to "Residential 3".

This application will be known as Johannesburg Amendment Scheme 1270.

PB 4-14-2-1990-78

Erasmus Albertus Labuschagne, for the amendment, suspension or removal of the conditions of title of Portion 44 (a portion of Portion 34) of the Farm Palmietfontein 141 IR in order to permit the portion being used for the establishment of a township.

PB 4-15-2-17-141-1

Andrew George Scott, for the amendment, suspension or removal of the conditions of title of Portion 1 of Erf 307, Bedfordview Extension 56 Township in order to permit the portion to be controlled by the Bedfordview Town-planning Scheme.

PB 4-14-2-1904-1

#### NOTICE 4 OF 1986

#### JOHANNESBURG AMENDMENT SCHEME 1561

The Director of Local Government hereby gives notice in terms of section 46 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965 (Ordinance 25 of 1965), that application has been made by the owner Biccard Street Investments (Proprietary) Limited for the amendment of Johannesburg Town-planning Scheme 1, 1979, by the rezoning of Erf 4927 Johannesburg Township from "Business 1" height zone 2, to

sone 2, tot "Besigheid 1" hoogtesone 2 met 'n voorwaarde ten opsigte van die vloerspasie verhouding om 'n totale vloerspasie van 9 650 m<sup>2</sup> toe te laat.

Verdere besonderhede van hierdie aansoek (wat as Johannesburg-wysigingskema 1561 bekend sal staan) lê in die kantoor vaa die Stadsklerk van Johannesburg en in die kantoor van die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Proviniale Gebou, Kamer B506A, h/v Pretorius- en Bosmanstraat, Pretoria ter insae.

Enige beswaar of vertoë teen die aansoek kan te eniger tyd binne 'n tydperk van 4 weke vanaf die datum van hierdie kennisgewing aan die Direkteur van Plaaslike Bestuur by bovermelde adres of Privaatsak X437, Pretoria, 0001 en die Stadsklerk, Posbus 1049 Johannesburg 2000 skriftelik voorgelê word.

Pretoria, 2 Januarie 1986

PB 4-9-2-2H-1561

#### KENNISGEWING 5 VAN 1986

#### ALBERTON-WYSIGINGSKEMA 252

Die Direkteur van Plaaslike Bestuur gee hiermee kennis ingevolge die bepalings van artikel 46 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965 (Ordonnansie 25 van 1965), dat die eienaar, Lutia Belange (Eiendoms) Beperk, aansoek gedoen het om Alberton-dorpsbeplanningskema, 1979, te wysig deur die hersonering van Erf 301, die Restant van Erf 303 en Gedeelte 1 van Erf 303, Alberton van "Residensieel 4" tot "Besigheid 1".

Verdere besonderhede van hierdie aansoek (wat as Alberton-wysigingskema 252 bekend sal staan) lê in die kantoor van die Stadsklerk van Alberton en in die kantoor van die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Proviniale Gebou, Kamer B506A, h/v Pretorius- en Bosmanstraat, Pretoria, ter insae.

Enige beswaar of vertoë teen die aansoek kan te eniger tyd binne 'n tydperk van 4 weke vanaf die datum van hierdie kennisgewing aan die Direkteur van Plaaslike Bestuur by bovermelde adres of Privaatsak X437, Pretoria 0001, en die Stadsklerk, Posbus 4, Alberton 1450, skriftelik voorgelê word.

Pretoria, 2 Januarie 1986

PB 4-9-2-4H-252

#### KENNISGEWING 6 VAN 1986

#### WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967

1. Die wysiging, opskorting of opheffing van die titelvoorraardes van Erf 141, dorp Blairgowrie;

2. die voorgestelde wysiging van die Randburg-dorpsbeplanningskema, 1976.

Hierby word bekend gemaak dat ingevolge die bepalings van artikel 3(1) van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967, aansoek gedoen is deur Nimrod Leonard van Zyl, vir —

(1) die wysiging, opskorting of opheffing van die titelvoorraardes van Erf 141, dorp Blairgowrie, ten einde dit moontlik te maak dat die erf gebruik kan word vir "Residensieel 1" met kantore as primêre reg, onderworpe aan sekere voorwaardes;

(2) die wysiging van die Randburg-dorpsbeplanningskema, 1976, deur die hersonering van die erf van "Resi-

"Business 1" with a condition in respect of the floor area ratio so as to allow a total floor area of 9 650 m<sup>2</sup>.

Furthermore particulars of the application (which will be known as Johannesburg Amendment Scheme 1561) are open for inspection at the office of the Town Clerk, Johannesburg and the office of the Director of Local Government, Room B506A, TPA Building, cnr Bosman and Pretorius Streets, Pretoria.

Any objection or representations in regard to the application shall be submitted to the Director of Local Government, in writing at the above address or Private Bag X437, Pretoria, 0001, and the Town Clerk, PO Box 1049 Johannesburg 2000 at any time within a period of 4 weeks from the date of this notice.

Pretoria, 2 January 1986

PB 4-9-2-2H-1561

#### NOTICE 5 OF 1986

#### ALBERTON AMENDMENT SCHEME 252

The Director of Local Government hereby gives notice in terms of section 46 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965 (Ordinance 25 of 1965), that application has been made by the owner, Lutia Belange (Eiendoms) Beperk, for the amendment of Alberton Town-planning Scheme, 1979, by the rezoning of Erf 301, the Remainder of Erf 303 and Portion 1 of Erf 303, Alberton from "Residential 4" to "Business 1".

Furthermore particulars of the application (which will be known as Alberton Amendment Scheme 252) are open for inspection at the office of the Town Clerk, Alberton and the office of the Director of Local Government, Room B506A, TPA Building, cnr Bosman and Pretorius Streets, Pretoria.

Any objection or representations in regard to the application shall be submitted to the Director of Local Government, in writing at the above address or Private Bag X437, Pretoria 0001, and the Town Clerk, PO Box 4, Alberton 1450, at any time within a period of 4 weeks from the date of this notice.

Pretoria, 2 January 1986

PB 4-9-2-4H-252

#### NOTICE 6 OF 1986

#### REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967

1. The amendment, suspension or removal of the conditions of title of Erf 141; Blairgowrie Township;

2. the amendment of the Randburg Town-planning Scheme, 1976.

It is hereby notified that application has been made in terms of section 3(1) of the Removal of Restrictions Act, 1967, by Nimrod Leonard van Zyl, for —

(1) the amendment, suspension or removal of the conditions of title of Erf 141, Blairgowrie Township, in order to permit the erf being used for "Residential 1" with offices as a primary right, subject to conditions;

(2) the amendment of the Randburg Town-planning Scheme, 1976, by the rezoning of the erf from "Residential

densieel 1" met 'n digtheid van "Een woning per erf" tot "Residensieel 1" met kantore as primêre reg, onderworpe aan sekere voorwaardes.

Die aansoek sal bekend staan as Randburg-wysigingskema 939.

Die aansoek en die betrokke dokumente lê ter insae in die kantoor van die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Provinciale Gebou, Kamer B306, Pretoriusstraat, Pretoria en in die kantoor van die Stadsklerk, Randburg tot 5 Februarie 1986.

Besware teen die aansoek kan op of voor 5 Februarie 1986, skriftelik by die Direkteur van Plaaslike Bestuur by bovemelde adres of Privaatsak X437, Pretoria, ingedien word.

Pretoria, 2 Januarie 1986

PB 4-14-2-152-17

#### KENNISGEWING 7 VAN 1986

#### JOHANNESBURG-WYSIGINGSKEMA 1141

Die Direkteur van Plaaslike Bestuur gee hiermee kennis ingevolge die bepalings van artikel 18 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965 (Ordonnansie 25 van 1965), dat Johannesburg Stadsraad, aansoek gedoen het om Johannesburg-dorpsbeplanningskema 1, 1979, te wysig deur die hersonering van (1) dele van Southlaan tussen St Andrews- en Girtonweg en tussen Wellington- en Girtonweg, Parktown van bestaande openbare pad na "Besigheid 3" onderworpe aan voorwaardes; (2) Erwe 86 en 101, Parktown, synde Southlaan 1 en 3 vanaf "Residensieel 1" na deels "Besigheid 3" en deels voorgestelde nuwe paaie en verbredings onderworpe aan voorwaardes.

Verdere besonderhede van hierdie aansoek (wat as Johannesburg-wysigingskema 1141 bekend sal staan) lê in die kantoor van die Stadsklerk van Johannesburg en in die kantoor van die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Provinciale Gebou, Kamer B506A, h/v Pretorius- en Bosmanstraat, Pretoria, ter insae.

Enige beswaar of vertoe teen die aansoek kan te eniger tyd binne 'n tydperk van 4 weke vanaf die datum van hierdie kennisgewing aan die Direkteur van Plaaslike Bestuur by bovemelde adres of Privaatsak X437, Pretoria 0001, en die Stadsklerk, Posbus 1049, Johannesburg, skriftelik voorgelê word.

Pretoria, 2 Januarie 1986

PB 4-9-2-2H-1141

#### KENNISGEWING 8 VAN 1986

Die Direkteur van Plaaslike Bestuur gee hiermee ingevolge die bepalings van artikel 58(8)(a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, kennis dat aansoeke om die dorpe in die bylae hierby gemeld te stig, ontvang is.

Die aansoeke tesame met die tersaaklike planne, dokumente en inligting lê ter insae by die kantoor van die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Kamer B206(a), 2de Vloer, B Blok, Provinciale Gebou, Pretoriusstraat, Petoria vir 'n tydperk van 8 weke vanaf die 2 Januarie 1986.

Iedereen wat beswaar teen die toestaan van 'n aansoek wil maak of begerig is om enige vertoe in verband daarmee te rig, moet die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Privaatsak X437, Pretoria 0001 binne 'n tydperk van 8 weke

1" with a density of "One dwelling-house per erf" to "Residential 1" with offices as a primary right, subject to conditions.

This amendment scheme will be known as Randburg Amendment Scheme 939.

The application and the relative documents are open for inspection at the office of the Director of Local Government, Provincial Building, Room B506, Pretorius Street, Pretoria, and at the office of the Town Clerk, Randburg until 5 February 1986.

Objections to the application may be lodged in writing with the Director of Local Government at the above address or Private Bag X437, Pretoria, on or before 5 February 1986.

Pretoria, 2 January 1986

PB 4-14-2-152-17

#### NOTICE 7 OF 1986

#### JOHANNESBURG AMENDMENT SCHEME 1141

The Director of Local Government hereby gives notice in terms of section 18 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965 (Ordinance 25 of 1965), that application has been made by Johannesburg Town Council, for the amendment of Johannesburg Town-planning Scheme 1, 1979, by the rezoning of (1) parts of South Avenue between St Andrews and Girton Roads and between Wellington and Girton Roads, Parktown Township from existing public road to "Business 3"; subject to conditions; (2) Erven 86 and 101, Parktown Township, being 1 and 3 South Avenue from "Residential 1" to part "Business 3" and part proposed new roads and widenings, subject to conditions.

Furthermore particulars of the application (which will be known as Johannesburg Amendment Scheme 1141) are open for inspection at the office of the Town Clerk, Johannesburg and the office of the Director of Local Government, Room B506A, TPA Building, cnr Bosman and Pretorius Streets, Pretoria.

Any objection or representations in regard to the application shall be submitted to the Director of Local Government, in writing at the above address or Private Bag X437, Pretoria 0001, and the Town Clerk, PO Box 1049, Johannesburg 2000, at any time within a period of 4 weeks from the date of this notice.

Pretoria, 2 January 1986

PB 4-9-2-2H-1141

#### NOTICE 8 OF 1986

The Director of Local Government hereby gives notice in terms of section 58(8)(a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that applications to establish the township(s) mentioned in the annexure hereto, have been received.

The applications, together with the relevant plans, documents and information are open for inspection at the office of the Director of Local Government, Room B206(a), Second Floor, Block B, Provincial Building, Pretorius Street, Pretoria for a period of 8 weeks from the 2 January 1986.

Any person who desires to object to the granting of any of the applications or who desires to make any representations in regard thereto, must notify the Director of Local Government, Private Bag X437, Petoria 0001 in writing

van die datum af van eerste publikasie hiervan skriftelik en in duplikaat van sy redes in kennis stel.

Pretoria, 2 Januarie 1986

### KENNISGEWING 9 VAN 1986

#### UITBREIDING VAN GRENSE VAN DORP WITFIELD UITBREIDING 4

Ingevolge artikel 82(4) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965 word hierby bekend gemaak dat Louisa J.C. van der Merwe in haar hoedanigheid as eksekuteur van die boedel van wyle Hendrik L. Van der Merwe aansoek gedoen het om die uitbreiding van die grense van dorp Witfield uitbreiding 4 om Restant van Gedeelte 240 van die plaas Driefontein No. 85 I.R., distrik Boksburg te omvat.

Die betrokke gedeelte is geleë op Restant van Gedeelte 240 van die plaas Driefontein no. 85. I.R. en sal vir "Residensiel 3" doeleindes gebruik word.

Die aansoek en die betrokke planne, dokumente en inligting lê ter insae by die kantoor van die Direkteur, Kamer B206A, 2de Vloer, Blok B, Provinciale Gebou, Pretoria, vir 'n tydperk van vier weke na datum hiervan.

Iedereen wat beswaar wil maak teen die toestaan van die aansoek of wat begerig is om in die saak gehoor te word of vertoe te rig, moet die Direkteur skriftelik in kennis stel. Sodanige kennisgewing moet nie later nie as vier weke van die datum van die eerste publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinciale Koerant af deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur ontvang word.

Alle besware moet in duplo ingedien word en gerig word aan Die Direkteur, Departement van Plaaslike Bestuur, Privaatsak X437, Pretoria, 0001.

Pretoria, 2 Januarie 1986

PB 4-8-2-2872-1

### KENNISGEWING 10 VAN 1986

Die Direkteur van Plaaslike Bestuur gee hiermee ingevolge die bepalings van artikel 58(8)(a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, kennis dat aansoeke om die dorpe in die bylae hierby gemeld te stig, ontvang is.

Die aansoeke tesame met die tersaaklike planne, dokumente en inligting lê ter insae by die kantoor van die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Kamer B206(a), 2de Vloer, B Blok, Provinciale Gebou, Pretoriussstraat, Pretoria vir 'n tydperk van 8 weke vanaf die 2de Januarie 1986.

Iedereen wat beswaar teen die toestaan van 'n aansoek wil maak of begerig is om enige vertoe in verband daarmee te rig, moet die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Privaatsak X437, Pretoria, 0001 binne 'n tydperk van 8 weke van die datum af van eerste publikasie hiervan, skriftelik en in duplikaat van sy redes in kennis stel.

Pretoria, 2 Januarie 1986

### BYLAE

Naam van dorp: Dendron Uitbreiding 1

Naam van aansoekdoener: Gesondheidskomitee van Dendron.

Aantal erwe: "Nywerheid 2" — 49

Beskrywing van Grond: Geleë op 'n deel van Gedeelte 2 van die Plaas Duitschland 169 LS, Distrik Pietersburg.

and in duplicate of his reasons therefor within a period of 8 weeks from the date of first publication hereof.

Pretoria, 2 January 1986

### NOTICE 9 OF 1986

#### EXTENSION OF BOUNDARIES OF WITFIELD EXTENSION 4

